# Nabetragting Boodskap Sondag 4 Oktober 2020

**Maandag**: <u>Matt. 12:37</u> *Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word*. Wat jy sê, het altyd ’n effek klein, medium of groot – dit is soos om te kies om in die modder of skoon water te bad. Hoe meer gereeld jy ’n sekere soort van uitspraak maak, hoe meer vestig dit as ’n gewoonte, as ’n neiging, in jou. Dis goed om jou gedagtes en woorde te reinig sodat jou karakter en persoonlikheid ontwikkel na die voorbeeld van Jesus. Dit is ook

goed om daarop te let dat stilbly waar jy eerder moet praat, ook kommunikasie kan wees. Jesus het in voorbeeld eers gaan sit en dink voor hy die tafels voor die sinagoge omgegooi het – Hy het nie net stilgesit nie en ook nie net gepraat nie.

**Dinsdag**: Matt. 10:20 *Dan is dit nie julle wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat deur julle praat*. Wanneer ons in situasies beland wat wysheid bokant ons vermoë benodig, is daar ’n baie beter uitweg as om te maak asof ons weet of dit te ignoreer, te veg, vlug of vries. Dit is waar die waarde van ’n skietgebedjie help – wat dit van jou vra, is die oortuiging om te weet God se Gees is altyd beskikbaar en reg om te help, maar ook dat jy bereid moet wees om te luister. As die Gees deur ons praat in sulke

omstandighede, word ons van vele pyn en onnodige wrywing gespaar. Ons word meesal deur die sagte stem van die Gees ingefluister as ons nie moet praat nie, maar ook wanneer en wat ons moet praat – dit is ’n baie goeie belegging om sensitief te wees vir die inspraak van jou Skepper se Gees. Veral as jy besef die Gees van God in alle partye gelyktydig kan werk.

**Woensdag**: Ef. 4:29 *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom*. Hoewel die begrip *vuil taal* meesal verstaan sal word slegs om te vloek, word hier eerder bedoel om uitinge wat afbrekend en waardeloos is, te maak. Van jou word gevra om nadenkend met jou gedagtes om te gaan, m.a.w. doelbewustelik en wel só met die oortuiging om in enige situasie opbouend eerder as afbrekend te

wees – m.a.w. moenie reaktief leef nie, maar pro-aktief. As dit onmoontlik is om opbouend te wees, is dit beter om jouself te verskoon vanuit sulke kommunikasie.

**Donderdag**: Kol 4:6 *Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord*. Hierdie Skrifgedeelte wys dat daar ’n manier is wat as basis kan dien vir enige uiting wat opbouend sal wees. Dit is, by wyse van spreke, om jou woorde te sout voor jy dit uiter, as’t ware smaak te gee – en jou woorde moet altyd vir ander wees soos asof vir ’n kind van God. In eenvoudige taal sê vir jouself voor jy iets teenoor iemand uiter dat jou Skepper se skepping ’n aktiewe party in die geselskap is

– dit wat soms *karma* genoem word, of dan die goue reël: Doen aan ander soos wat jy self sou wou beleef het.

**Vrydag**: Spr. 18:21 *Die tong het mag oor dood en lewe*. Die *mag* wat hier bedoel word, is soos die van ’n dirigent van ’n orkes wie se leiding die uitvoering rig. Net so beïnvloed jou tong die volle orkes voor jou tot iets goeds of sleg. Jy kan die vrug van jou tong nie vermy nie. Jy kan dus altyd kies watter spyskaart jyself opdis. En dit is welbekend dat wat mens fisiologies of psigologies inneem ’n groot effek alkante toe het. Wat mense dikwels mislees, is dat dit nie net in die negatiewe sin so werk nie – dit is ewe effektief in

die positiewe sin. Die negatiewe blyk wel meesal die verstek-neiging te wees. Elke mens kan met die nodige oortuiging eweneens die positiewe die verstek maak. Dit is wel altyd net jou eie keuse, hoewel die Here deur sy Gees alle omstandighede benut om jou te bring dat jou ‘tong’ ’n skeppings-instrument is wat opbou.

***Ds. Jan***